

## **Maandelikse gemeentebrief April 2017**

As 'n mens dink aan April-maand dink 'n mens mos aan Paasfees. Al val dit ook in 'n ander kalendermaand, bly April vir my die maand van donssagte geel kuikens met groot ogies; helder foelieblink paaseiers wat wegkruip in die tuin en 'n paashaas met groot wit voete en lang pienk ore. En dan natuurlik die gesprekke oor waarom Paasfees eintlik gaan – dat die Lindthaas net simbolies is.

Net so is daar simbole om ons waaraan ons al so gewoon geraak het dat ons dit maklik miskyk of verwar met dit waarvoor die simbool eintlik staan. Dink maar aan 'n begroting teenoor die bankbalans, 'n troue teenoor die huwelik of geloof teenoor spiritualiteit. Soms maak simbole ons heeltemal deurmekaar – dit steek iets weg in plaas daarvan om dit te verteenwoordig.

Waarom sou 'n mens in April dink aan simbole? Want in hierdie tyd word ons gekonfronteer met vraagstukke in die kerk: Waarvoor staan ons as Christene? Wat sê die NG kerk oor kwessies wat ons warm onder die kraag maak? Is die Bybel net 'n storieboek vol beeldspraak of die opskrywing van 'n reeks werklike gebeure? Hierin lê die verstaan van simboliek, want wat vir een mens simbolies is, is vir 'n ander die werklikheid, en elke persoon se werklikheid verskil van 'n ander s'n. 'n Mens se werklikheid word bepaal deur jou eie leefwêreld en ervarings asook die omstandighede waarin jy jouself op 'n gegewe tyd bevind. Dit klink soos 'n antwoord met 'n oneindige aantal permutasies en ek gaan dit beslis nie waag om vir iemand te sê dat sy of haar verstaan van 'n ding verkeerd is nie. Want dit sou ook beteken dat sagte geel kuikens verander in goue Lindt-hase; iets wat vir almal toeganklik was, word eksklusief, net vir 'n paar uitverkorenes. Ek wil nooit deel wees van so 'n gemeenskap nie.

Vir my heel eerste gemeentebrief het ek nie regtig beplan om oor so 'n ernstige onderwerp te skryf nie, maar ek voel tog ek moet sê hoe ek NG Weltevreden tot dusver beleef. As 'n nuwe gemeentelid kyk 'n mens mos krities na alles hier by die kerk. Ja, dit is wel anders as jy in die kerkkantoor werk, maar ek kan steeds ook as gewone gemeentelid 'n gevoel kry van die “hart” van die gemeente. Ek ervaar dat hierdie 'n gemeente is met oop arms, waar nuweling warm verwelkom word, waar daar nog belang gestel word in jou as individu en waar onvoorwaardelike aanvaarding en liefde 'n gegewe is. Hier is 'n sagtheid in die bestuurspan vir mekaar se standpunte, al verskil mense van jou. Moeilike besluite word met deernis vir albei kante van die saak geneem. Wat my veral opval? Hier lees ons self die Bybel en maak nie bloot staat op geleerdes se interpretasie van die Bybel nie. By elke vergadering word daar gebid – vir die mense en vir die kerk.

Hierdie gemeente is 'n geelkuikengemeente en nie 'n Lindthaas-gemeente nie. Die deure staan oop vir elkeen met sy unieke standpunt, agtergrond en gawes. As jy geloof-in-aksie wil beleef, is hierdie jou plek. Soms word groot projekte met blinde geloof aangepak en moeilike besluite in kinderlike geloof geneem, maar altyd in diepe afhanklikheid.

As 'n relatiewe nuweling tot die NG Weltevreden-familie kan ek jou verseker dat hier nie ligtelik gewerk word met jou as mens nie; jou lewe is hier belangrik!



Dankie vir die gevoel van warmte en tuis-koms wat almal help skep, ook vir my as nuweling. 'n Kerk is net so lekker soos haar mense en hierdie is 'n LEKKER kerk! Ek sien uit na die paadjie vorentoe! Mag jy en jou gesin 'n besonder geseënde Paasfees beleef waar die simboliek nie by jou sal verbygaan nie.

Saret Britz  
Gemeentebestuurder